basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**TRSM.1**

**TOERISME**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

# MIDDAGSESSIE

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde by VRAAG 3.1 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge.
6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 'n Plan wat gebruik word om 'n reis logies en tydbesparend te maak:

A Maaltydplan
B Begrotingsplan
C Roeteplan
D Kredietplan

1.1.2 'n ... reisprogram word volgens 'n toeris se behoeftes opgestel.

A Persoonlike
B Algemene
C Groeps-
D Gesegmenteerde

1.1.3 Toeriste is kwesbaar vir misdaadverwante insidente. As 'n veiligheidsmaatreël by die lughawe moet toeriste ...

A die gebruik van geregistreerde vervoerdienste vermy.
B seker maak dat bagasie veilig gesluit is.
C nooit op hulle selfone praat nie.
D fasiliteite vir gestremdes gebruik.

1.1.4 Voorkomende raad wat reisklinieke aan toeriste gee wat na bestemmings met uiters hoë temperature reis:

A Neem warm storte om koel te bly.
B Drink drankies met 'n hoë suikerinhoud om gehidreer te bly.
C Gebruik 'n leesbril vir beskerming teen die skerp sonlig.
D Gebruik 'n sonskermmiddel wat 'n hoë sonbeskermingsfaktor bevat.

1.1.5 'n Dokument wat vereis word wanneer 'n internasionale bestuurspermit (IBP) verkry word:

A Geldige Suid-Afrikaanse bestuurslisensie
B Agt identiese foto's
C Stel vingerafdrukke
D Afskrif van die retoerkaartjie

1.1.6 Die Berlynse Muur is gebou om hierdie land in wes en oos te verdeel:

A China
B Brasilië
C Italië
D Duitsland


WESTERN CAPE

1.1.7 Die standbeeld van Christus Die Verlosser en die Vatikaanstad het die volgende in gemeen:

Beide …

A het godsdienstige belang.
B is standbeelde wat uit sement gemaak is.
C is simbole van onafhanklikheid
D is vir die natuur van belang.

1.1.8 Suid-Afrika se Fossielhominiedterreine bestaan uit drie terreine wat die Makapanvallei, die Taung-skedel-fossielterrein en die … genoem word.

A Kaapse Blommestreek- Beskermde Areas
B #Khomani Kulturele Landskap
C Mapungubwe Kulturele Landskap
D Wieg van die Mensdom

1.1.9 Die Vredefortkoepel-Wêrelderfenisterrein voldoen aan hierdie UNESCO-kriterium:

A Biologiese bewyse van menslike ontwikkelingstadiums
B Geologiese bewyse van 'n meteoriet-impakstruktuur
C 'n Uitstaande voorbeeld van 'n menslike nedersetting
D 'n Uitstaande voorbeeld van 'n unieke soort gebou

1.1.10 Die internasionale bemarking van Suid-Afrika sal 'n ... tot gevolg hê.

A toename in reisverwante siektes
B verhoging in toeristevolumes
C afname in aankomsgetalle
D afname in die ontwikkeling van bestemmings

1.1.11 Hierdie faktor dra by tot die professionele beeld van 'n werknemer wat in die toerismebedryf werk:

A Geskiedenis van die maatskappy
B Beëindiging van diens
C Reisvoordele
D Positiewe interaksie met kliënte

1.1.12 'n Rede waarom mense vir werk in die lugdiensbedryf aansoek wil doen:

A Hulle sal byvoordele soos afslag op reise geniet.
B Almal sal bogemiddelde salarisse verdien.
C Hulle sal outomaties aandeelhouers in die lugdiens word.
D Almal sal hoëprofielposisies beklee.

1.1.13 Die beeld hieronder toon internetgebaseerde platforms waar toerismebesighede 'n aanlyn teenwoordigheid het. Hierdie platforms staan as … bekend.




A korporatiewe maatskaplike belegging
B maatskaplike verantwoordelikheid
C sosiale media
D sosiale distansiëring

1.1.14 Hierdie dokument gee personeel riglyne oor die gedrag wat tydens die uitvoering van hulle pligte verwag word en aan personeellede wat met etiese uitdagings te doen kry:

A Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)
B Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)
C Die King III-verslag oor volhoubaarheid
D Gedragskode

1.1.15 Die manier waarop 'n besigheid sy produkte vir kliënte aanbied, wat tot 'n professionele beeld sal bydra:

A Goeie omgewingsbeleidstukke
B Persoonlike higiëne van personeel
C Interaksie met verskaffers
D Ontwerp van verpakking

1.1.16 Die jaar 2020 het ongekende (nog nooit voorheen ervaar nie) politieke en sosiale opstande beleef. Daar word na hierdie tipe gebeurtenis as 'n … verwys.

A wêreldoorlog
B natuurlike ramp
C protesaksie
D wêreldramp

1.1.17 'n Negatiewe invloed van Covid-19 op groot sokkergebeure:




A Mediadekking is verban.
B Sokkerstadions was leeg.
C Spanne het aanhou oefen.
D Belangstelling in sokker het toegeneem.

1.1.18 Deelnemende lande het hierdie besluit geneem om die verspreiding van Covid-19 gedurende die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) in Januarie 2021 te verhoed:

A Die WEF is deur middel van 'n virtuele platform gehou.
B Alle deelnemers het tydens die virtuele WEF maskers gedra.
C Lande het hulle afgevaardigdes na die WEF laat vlieg.
D Baie lande het nie aan die WEF deelgeneem nie.

1.1.19 Afrika-landmarkte verwys na inkomende toeriste wat … aankom.

A vanaf Transatlantiese bestemmings
B vanaf interkontinentale bestemmings
C vanaf buurprovinsies
D deur Suid-Afrika se grensposte

1.1.20 'n Voorbeeld van 'n elektroniese kliënteterugvoeringsinstrument:

A Skryf in 'n gastejoernaal by 'n hotel
B Gooi 'n nota in die voorstellehouer
C Praat met die bestuurder van die besigheid
D Hou van ('Like') 'n Facebook-plasing op 'n besigheid se webblad (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN reisdokument vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 toeriste-aktiwiteite.

| |
|---|
| gesondheidsertifikaat; paspoort; PBT (PPE); toeristevisum; OBP(PDP); Covid-19-toets; belastingsertifikaat; transitovisum; Schengen-visum |

1.2.1 'n Toeris sal hierdie dokument nodig hê om besigtiging in die oorstaanstad ('stopover city') op pad na sy finalebestemming-land te doen

1.2.2 Hierdie dokument vir toeriste verskaf bewys van inenting teen geelkoors

1.2.3 Hierdie dokument wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik word, stel Suid-Afrikaners in staat om internasionaal te reis

1.2.4 Lande sal hierdie uitslae by toeriste vereis wat gedurende die 2020–2021-wêreldpandemie internasionaal reis

1.2.5 Hierdie dokument kan vereis word om sekere lande toegang na Europa te verleen (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 paspoort.

1.3.1 Goeie (omgewings-/sosiale) praktyke sluit bronne- en afvalbestuur in.

1.3.2 Daar word na die verantwoordelike ingesteldheid van 'n toerismebesigheid teenoor die mense en omgewing wat dit beïnvloed, as (KMB/BBP) verwys.

1.3.3 Toerismemaatskappye wat op 'n volhoubare manier besigheid doen, kan deur (FTT/TGRSA) gesertifiseer word.

1.3.4 (Omgewings-/Polities-) bewuste toeriste ondersteun besighede wat die drie pilare van die DSB onderskryf.

1.3.5 Die verkryging van plaaslike goedere en dienste deur toerismemaatskappye, dra tot (welstandsprogramme/ekonomiese groei) in die plaaslike gebied by. (5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n term in KOLOM B wat by die basiese diensvoorwaardes in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Die salaris wat 'n werknemer ontvang vir werk wat gedoen is | A | werksure |
| 1.4.2 | 'n Bydrae wat deur 'n werkgewer gemaak word sodat 'n werknemer fatsoenlik by die werk verskyn, in ooreenstemming met die besigheidsbeleid | B | kernpligte |
| 1.4.3 | Die besluit wat deur 'n besigheid geneem word wanneer daar nie verder van werknemers verwag word om hulle pligte na te kom nie | C | vergoeding |
| 1.4.4 | Die kontraktuele tyd wat 'n werknemer by die plek waar hy in diens is, teenwoordig moet wees | D | aftrekkings |
| 1.4.5 | Die hoofverantwoordelikhede van 'n werknemer terwyl hy/sy by die werk is | E | diensbeëindiging |
| | | F | versorging ('grooming') |
| | | G | uniformtoelae |

(5 x 1) (5)

1.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Mnr. Xondo het R10 miljoen in die Suid-Afrikaanse Nasionale Lotery gewen. Hy het nog nooit vantevore gereis nie en sy droom was nog altyd om op te hou werk en deur die wêreld te reis. Hy sal sy eie reis beplan. Hy sal dus die volgende stappe van die reisbeplanningsproses in gedagte moet hou wanneer hy sy reisprogram saamstel:

**DIE STAPPE VAN DIE REISBEPLANNINGSPROSES**
(in geen spesifieke volgorde nie)

- Koop 'n vlugkaartjie/Bespreek akkommodasie
- Doen navorsing oor die lande wat besoek gaan word
- Doen aansoek vir 'n visum
- Koop buitelandse valuta
- Besluit op die reistydperk

Mnr. Xondo het hulp nodig met die korrekte volgorde van die beplanningsproses vir sy wêreldreis.

Skryf die VYF stappe in die KORREKTE logiese volgorde in die ANTWOORDEBOEK neer.
Voorbeeld: STAP 6 – Plaas foto's van die reis op sosiale media. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WÊRELDGESONDHEIDSORGANISASIE EN TIKTOK***
**SNOER KRAGTE SAAM**



Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) probeer om soveel mense as moontlik te bereik met akkurate inligting oor die Covid-19-pandemie. Hulle het vennootskappe met verskillende sosialemediaplatforms, soos TikTok, gesluit om die verspreiding van verkeerde aanlyn inligting te stop.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie wil:

- Die verspreiding van die virus beperk
- Mense raad gee oor maatreëls om hulleself teen die virus te beskerm
- Mense na die organisasie se webtuiste en sosialemediaplatforms vir bykomende inligting oor die virus verwys

Google, Facebook, Twitter en Instagram word ook deur die WGO gebruik om verkeerde inligting te beveg. Die WGO is daarvan oortuig dat TikTok inligting oor die pandemie doeltreffend sal kan versprei as gevolg van die wêreldwye gewildheid wat dit tans geniet.

*TikTok – 'n sosialemedia-netwerkplatform wat uit videogrepe bestaan

[Aangepas uit www.theverge.com]

2.1.1 Uit die gevallestudie hierbo, noem die Wêreldgesondheids-organisasie se hoofrol in die Covid-19-pandemie. (2)

2.1.2 Noem TWEE sosialemediaplatforms (behalwe TikTok) wat die Wêreldgesondheidsorganisasie gebruik om die jongste nuus oor die virus aan die wêreldbevolking oor te dra. (4)

2.1.3 Verduidelik TWEE redes waarom die Wêreldgesondheids-organisasie vol vertroue is dat sy vennootskap met TikTok sal help om die wêreld oor die virus te leer. (4)

Kopiereg voorbehou


2.2 Verwys na die inligting en prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HELP MY MET 'N PROBLEEMVRYE AANKOMS!**

Jerome is op pad terug na Suid-Afrika vanaf Suid-Korea. Hy sal deur doeane moet beweeg waar sy bagasie nagegaan sal word. Hy wil nie hê dat daar op sy goedere, wat by die belastingvrye winkels gekoop is, beslag gelê word of dat hy vervolg word nie.




**A**





**B**




**C**



**D**




**E**



Vyf pare goue armbande

**F**



[Bron: www.allowances.co.za]

2.2.1 Kies VIER belastingvrye items uit die opsies wat hierbo gegee is, wat Jerome toegelaat sal word om in Suid-Afrika in te bring.

Skryf slegs die letters (A–F) in jou ANTWOORDEBOEK. (4)

2.2.2 Gee die goedgekeurde toelae (hoeveelhede) vir enige TWEE van die toegelate items wat in VRAAG 2.2.1 gekies is. (4)


2.2.3 Die items wat in VRAAG 2.2.1 gekies is, val binne die belastingvrye toelaag.

Noem die kanaal waardeur Jerome moet beweeg nadat hy sy bagasie gekry het. (2)

2.2.4 (a) Verduidelik die term *verbode goedere*. (2)

(b) Identifiseer die verbode item in die prentjies hierbo. (2)

2.3 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart en die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



| OP PAD … |
|---|
| Mev. Abadi het vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe (Johannesburg) na Tullamarine Internasionale Lughawe (Melbourne, Australië) gevlieg om haar broerskind se troue by te woon. Die vlug het op Changi Internasionale Lughawe in Singapoer oorgestaan ('stopover').<br>• Die vlug het om 10:00 op 10 Augustus vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe (+2) vertrek.<br>• Mev. Abadi het op Changi Internasionale Lughawe (+8) 'n aansluitingsvlug na Tullamarine Internasionale Lughawe (+10) gehaal.<br>• Die vliegtyd vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe na Changi Internasionale Lughawe was 10 ure.<br>• Die oorstaantyd op Changi Internasionale Lughawe was 4 ure.<br>• Die vliegtyd vanaf Singapoer na Melbourne was 7 ure. |

2.3.1 Bereken die tyd in Singapoer toe mev. Abadi om 10:00 op 10 Augustus vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek het.

Toon ALLE berekeninge. (3)

2.3.2 Bereken mev. Abadi se vertrektyd vanaf Changi Internasionale Lughawe op 11 Augustus.

Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3.3 Bereken mev. Abadi se aankomstyd op Tullamarine Internasionale Lughawe in Melbourne.

Toon ALLE berekeninge. (5)

2.4 Mev. Abadi het gedurende die eerste paar dae in Melbourne na haar langafstandvlug die volgende simptome ervaar.







[Bron: www.bodyclock.co.za]

2.4.1 Identifiseer die reisverwante toestand wat mev. Abadi ervaar het. (2)

2.4.2 Stel EEN manier voor waarop mev. Abadi die simptome van die reisverwante toestand hierbo kan oorkom. (2)
**[40]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die inligting, bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Laila het by haar suster in Los Angeles in die VSA gaan kuier. Sy het R20 000 vir haar vakansie gespaar.

| WISSELKOERSE | | | |
|---|---|---|---|
| **LAND** | **VALUTAKODE** | **BAK** | **BVK** |
| Verenigde State van Amerika | USD | 15,97 | 16,87 |

3.1.1 Gebruik die wisselkoerstabel hierbo om die bedrag wat Laila vir haar vakansie gespaar het in VS-dollars te bereken. Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (3)

Op die laaste dag van haar inkopies moes Laila tussen twee Lakers-basketbalbaadjies vir haar seun kies. Sy het 'n foto van albei baadjies op WhatsApp gestuur sodat haar seun die finale keuse kon maak. Sy het UDS303,50 oorgehad om te bestee.

**BAADJIE A**



**PRYS: USD100**

**BAADJIE B**




**PRYS: USD120**

3.1.2 Laila se seun het Baadjie A gekies.

Bereken die bedrag in rand wat sy oorgehad het nadat sy Baadjie A gekoop het. Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (5)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NIE BETER NIE, MAAR SLEGTER!**




[Bron: www.statssa.gov.za]

Covid-19 het 'n skerp afname in die Suid-Afrikaanse ekonomie tot gevolg gehad.

Bespreek EEN invloed van die verswakkende BBP op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2)


**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die ikone en statistiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|---|---|---|
| **A** |  | Die meerderheid van die 13 miljoen toeriste wat hierdie ikoon elke jaar besoek, is plaaslike toeriste. Drie miljoen steek die grens vanaf die Verenigde State oor en een miljoen is internasionale toeriste. |
| **B** |  | Ongeveer 20 miljoen toeriste besoek hierdie stad jaarliks en hierdie getal neem elke jaar toe. Hierdie stad is op 118 klein eilandjies met waterkanale in plaas van paaie gebou. |
| **C** |  | Meer as 10,9 miljoen toeriste besoek jaarliks hierdie kunssentrum in die hawestad. |

[Bron: www.tripadvisor.com]

4.1.1 (a) Identifiseer ikone **A** tot **C** hierbo. (3)

(b) Noem die kontinent waar ELK van ikone **A** tot **C** geleë is. (3)

4.1.2 Verwys na die besoekersgetalle van ikoon **A**.

Identifiseer die hoofbronmark wat hierdie ikoon besoek. (2)

4.1.3 Vergelyk die besoekersgetalle vir ikoon **B** en **C**.

Gee EEN rede waarom ikoon **B** gewilder as ikoon **C** is. (2)

Kopiereg voorbehou

4.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERBETER TOERISME BY 'N ANTIEKE TERREIN**



Toeriste wat die Groot Piramides besoek, reis na 'n woestyngebied, die Giza Plato. As deel van 'n opgradering van die 4 500-jaar-oue terrein is 'n nuwe internasionale lughawe daar naby gebou, paaie is verbeter en 'n nuwe ingang met 'n besoekersentrum is beplan.

- Die nuwe besoekersentrum sal 15 kaartjievensters hê, spesiaal toegeken aan mense met spesiale behoeftes, Egiptiese burgers, buitelanders en studente.
- Die inligtingsentrum sal ook 'n teater met 150 sitplekke, 18 geskenkwinkels, 'n kafee, restaurant, kliniek en badkamers hê.
- Besoekers se voertuie sal nie in die argeologiese areas toegelaat word nie en besoekers moet kameel- en perderitte, elektriese motors en elektriese toerbusse gebruik om die terreine te besoek.
- Plaaslike straatverkopers soos kunshandwerkers, perd- en kameeleienaars, handelaars en fotograwe sal opleiding ontvang en stalletjies sal aan hulle toegeken word om hulle besighede te bedryf.
- Opleiding sal gehalteprodukte en -dienste teen kompeterende pryse verseker sonder dat straatverkopers besoekers aanstoot gee.

[Aangepas uit www.enterprise-press.com]

4.2.1 (a) Noem die land waar die Groot Piramides geleë is. (1)

(b) Noem die kontinent waar die Groot Piramides geleë is. (1)

4.2.2 Verduidelik EEN rede waarom die Groot Piramides van Giza as 'n begraafplaas beskou word. (2)

4.2.3 Voltooi die stelling: Die liggaam van die Sfinks is in die vorm van 'n … (2)

4.2.4 Die Groot Piramides kan as 'n suksesvolle toeristebesienswaardigheid bedryf word.

Bespreek TWEE voorbeelde ELK hoe:

(a) Volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne geïmplementeer word (4)

(b) Personeel se gedrag bekwaam en eties sal wees (4)

4.2.5 Uit die gevallestudie, verskaf bewyse dat die Groot Piramides:

(a) Vir beide plaaslike en internasionale toeriste voorsiening maak (2)

(b) 'n Positiewe invloed op die plaaslike gemeenskap het (2)

**[28]**

## VRAAG 5

Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg:

**HULP OF INMENGING MET DIE NATUUR?**

Die iSimangaliso Vleilandpark is in Desember 1999 as een van Suid-Afrika se eerste Wêreld-erfenisterreine gelys om aan die pragtige natuurskoon, unieke natuurlike waardes en biologiese rykdom erkenning te gee.

Hierdie Wêrelderfenisterrein sluit mere (natuurlike damme) in met Afrika se grootste rivier-monding (wat in die see in vloei). Die riviermonding is geleidelik oor die jare deur sand geblokkeer. Dit het met die natuurlike vloei van water en diere tussen die rivier-meer-stelsel en die see ingemeng.






In Januarie 2021 is swaar toerusting gebruik om die sand te verwyder en die riviermonding oop te maak. Die gevolg was dat plaaslike inwoners, vissermanne en eienaars van water-gebaseerde toerismebesighede opgewonde was om hulle sake-bedrywighede te laat herleef.

Sommige omgewingsbewustes en wetenskaplikes was egter ontsteld oor die menslike ingryping. Hulle sou verkies het dat die natuur sy gang gaan.

[Aangepas uit www.iol.co.za en www.timeslive.co.za]

5.1 Noem die provinsie waarin die iSimangaliso Vleilandpark geleë is. (1)

5.2 Kies die korrekte soort Wêrelderfenisterrein tussen hakies:

iSimangaliso Vleilandpark is 'n (natuurlike/kulturele/gemengde) Wêreld-erfenisterrein. (1)

5.3 Sand wat die rivier en meer verhinder het om in die see te vloei, is in Januarie 2021 verwyder.

5.3.1 Noem die organisasie wat vir Wêrelderfenisterreine verantwoordelik is en wat moontlik oor die Januarie-aktiwiteite by die iSimangaliso Vleilandpark besorg sal wees. (2)

5.3.2 Verduidelik EEN rede waarom die organisasie wat in VRAAG 5.3.1 genoem is, oor hierdie aktiwiteite besorg sal wees. (2)

Kopiereg voorbehou 

5.3.3 Bespreek TWEE maniere waarop die verwydering van die sand om die riviermonding oop te kry, die plaaslike toerismebedryf rondom die iSimangaliso Vleilandpark sal bevoordeel. (4)

5.4 Noem die ander Wêrelderfenisterrein wat in dieselfde provinsie as die iSimangaliso Vleilandpark geleë is. (2)
**[12]**

**VRAAG 6**

Bestudeer die inligting en die aanlyn bladsy hieronder om die vrae wat volg, te beantwoord.

| **NUWE 'GOOGLE ARTS AND CULTURE'-TOEP/AANLYN BLADSY** | |
|---|---|
| 'Google Arts and Culture' en SAToerisme het die aanlyn uitstalling, Suid-Afrika: 'n Ontdekker Se Paradys' in Februarie 2021 geloods. Besoekers van regoor die wêreld kan Suid-Afrika virtueel ontdek deur 'n versameling van 500 visuele beelde en video's, 55 straataansigte en 20 digitale stories.<br><br>Die aanlyn uitstalling is die eerste fase om Suid-Afrika se diverse mense, sy ryk kultuurerfenis en sy asemrowende landskappe te vier. | Google Arts & Culture<br><br>South Africa<br>Inspiring new ways<br><br>Suid-Afrika: 'n Ontdekker se Paradys<br><br>Deel een van 'n reis na die asemrowende uitsigte en opwindende natuur van Suid-Afrika |

[Aangepas uit www.mediaxpose.co.za]

6.1 Identifiseer die organisasie wat vir die herlewing van die plaaslike toerismebedryf verantwoordelik is, deur innoverende bemarking van Suid-Afrika as 'n internasionale voorkeurbestemming. (2)

6.2 Verduidelik TWEE maniere waarop die aanlyn uitstalling die kernfunksie van koördinering van bemarkingsaktiwiteite sal vervul. (4)

6.3 Identifiseer EEN handelsmerkstrategie op die aanlyn bladsy hierbo. (2)

6.4 Handelsmerke en aanlyn bemarking is duur.

Bespreek EEN manier waarop die organisasie in VRAAG 6.1 geïdentifiseer, privaatsektor-befondsing ontvang. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

## VRAAG 7

7.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg

**e-PROFESSIONALISME**

**Stel Jou Besigheid op Sosiale Media Bekend**

Die sosialemedia-profiel van die besigheid, sy eienaars en werknemers moet pas by die beeld wat die besigheid aan sy klante wil voorhou.




In vandag se verhouding-gefokusde, hoogs gekonnekteerde werkomgewing, is 'n begrip van die waarde van sosiale media 'n vereiste vir sukses. Of personeel met mense aanlyn, op die selfoon of rekenaar vergader, maak daardie allerbelangrike menslike interaksie-vaardighede 'n groot verskil. Alles gaan daaroor om die regte indruk te skep met jou kennis en vermoë om goeie maniere, besigheids- en sosiale etiket, netiket, protokol, hoflikheid en sjarme te gebruik. Dit vereis vaardigheid, oefening en volgehoue toewyding om 'n professionele aanlyn teenwoordigheid te behou.

[Bron: https://expertbeacon.com]

7.1.1 Verduidelik wat met die *beeld* van 'n besigheid bedoel word. (2)

7.1.2 Uit die uittreksel hierbo, identifiseer die term wat gebruik word om aanvaarbare aanlyn gedrag te beskryf. (2)

7.1.3 Bespreek EEN gevolg vir 'n besigheid indien dit die belangrikheid van hulle professionele aanlyn teenwoordigheid verontagsaam. (2)
**[6]**

7.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SOSIALEMEDIA-DISPUUT**

Mnr. Williams, 'n werknemer by 'n bekende hotel, het gereeld op sosiale media na sy werkplek as die 'Hotel uit die Hel' verwys. Hy is deur sy 'sosialemedia-vriend' (wat toevallig ook sy werkskollega was) by die hotelbestuur verkla vir die oortreding van die hotel se gedragskode, wat 'n streng sosialemedia-beleid ingesluit het. Die kollega het mnr. Williams ook daarvan beskuldig dat hy ander personeel, wat ook sy aanlyn vriende was, negatief beïnvloed het.

Mnr. Williams het skriftelike waarskuwings ontvang, maar het voortgegaan om opmerkings te maak oor hoe hy nie van die plek gehou het waar hy gewerk het nie – al het hy nie die naam van die hotel genoem nie. Hy het nie opgehou om beledigende opmerkings te plaas nie en het selfs teisterende en treiterende opmerkings teen die kollega wat hy vermoed het hom verkla het, op sosiale media geplaas. Na afloop van 'n interne tugverhoor is mnr. Williams onmiddellik as gevolg van sy sosialemedia-plasings ontslaan.

[Bron: Eie bron]

7.2.1 Verduidelik hoe mnr. Williams die hotel se sosialemedia-beleid oortree het. (2)

7.2.2 Mnr. Williams se sosialemedia-vriend (werkskollega) het sy plasings aan die hotelbestuur gerapporteer.

As jy in dieselfde posisie by die werk was, sou jy ook mnr. Williams se gedrag gerapporteer het? Kies uit JA of NEE.

Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)

7.2.3 Die waarde van 'n gedragskode is om 'n koöperatiewe, samewerkende atmosfeer te skep wat integriteit in die werkplek bevorder.

Verduidelik DRIE maniere waarop die hotel se gedragskode in die scenario hierbo sy doel gedien het. (6)
**[12]**

## VRAAG 8

8.1 Bestudeer die volhoubaarheidsinisiatief, RAIN, van 'n internasionale koeldrankmaatskappy en beantwoord die vrae wat volg.



rain
WATER VIR AFRIKA™
LEWE POSITIEF

[Aangepas uit https://wash4work.org]

RAIN verskaf toegang tot veilige drinkwater, sanitasie en higiëne vir meer as 300 000 skoolkinders om hulle onderwysomgewing te verbeter. Hulle verskaf ook sanitasie aan meer as 350 000 mense in 37 lande.



Gemeenskapshigiëne-programme het gedurende die Covid-19-pandemie voortgegaan in Afrika-lande, waar die internasionale koeldrankmaatskappy 5 000 handewasstasies gebou het.




In **Suid-Afrika** werk RAIN saam met die Departement van Basiese Onderwys en H2O for Life om skoon drinkwater, sanitasiefasiliteite en higiëne-opvoeding aan 100 skole te verskaf. Hierdie inisiatief bevoordeel 'n geskatte 60 000 leerders regoor die land. RAIN Water for Schools wil ook 'n volhoubare model vir bedrywighede en infrastruktuur-instandhouding ontwikkel, wat die nasionale regering kan uitbrei.

[Aangepas uit www.coca-colacompany.com/sustainable-business]

8.1.1 Noem die pilaar van die driedubbele slotreël wat deur RAIN, die internasionale koeldrankmaatskappy in die uittreksel hierbo, beoefen word. (2)

8.1.2 Verduidelik EEN rede waarom hierdie inisiatief as die koeldrankmaatskappy se KMB-inisiatief beskou kan word. (2)

8.2 8.2.1 Die koeldrankmaatskappy fokus op DRIE sleutelareas in hulle RAIN Water for Schools-inisiatief in Suid-Afrika.

In 'n paragraaf, bespreek die voordele van hierdie sleutelareas vir die skole.

Jou paragraaf moet die volgende sleutel-fokusareas insluit:

- Verskaf skoon drinkwater
- Sanitasiefasiliteite
- Higiëne-opvoeding (6)

8.2.2 Gee jou opinie oor waarom die koeldrankmaatskappy 5 000 handewasstasies gedurende die Covid-19-pandemie gebou het, in plaas daarvan om net reinigingsmiddels aan gemeenskappe uit te deel. (2)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die inligting hieronder uit die TBRSA se Covid-19-protokol vir die toerismebedryf en beantwoord die vrae wat volg.

> Die toerismebesigheidsraad van Suid-Afrika (TBRSA) het Covid-19-protokol vir alle toerismebesighede saamgestel om veiligheidsmaatreëls en bedryfsprosedures te standaardiseer om personeel en klante te beskerm en om die ekonomiese ineenstorting van die sektor af te weer.

| COVID-19-PROTOKOL VIR DIE TOERISMEBEDRYF | |
|---|---|
| **VIR KLANTE** | **VIR PERSONEEL** |
| • Mediese verklaring<br>• Toegang- en kapasiteitsbeheer<br>• Fisiesedistansiëringstandaarde<br>• Klante-PBT(PPE)<br>• Monitering van temperatuur | • Aangewese gesondheids- en veiligheidsbeampte<br>• Personeelopleiding en inligting<br>• Fisiesedistansiëringstandaarde<br>• Personeel-PBT(PPE)<br>• Monitering van temperatuur |

[Aangepas uit www.toerisme.gov.za]

9.1.1 Noem die tipe onvoorsiene gebeurtenis wat deur Covid-19 veroorsaak is. (2)

9.1.2 Verduidelik waarom die TBRSA hierdie protokol vir toerisme-besighede moes spesifiseer. (2)


9.1.3 Noem VIER soorte protokol in die inligting hierbo wat 'n invloed op die personeel by toerismebesighede sal hê. (4)

9.1.4 Bespreek TWEE maniere waarop die protokol van toegang en kapasiteitsbeheer (verpligte skandering en beperking van getalle) negatiewe gevolge vir die akkommodasiesektor ingehou het. (4)

9.2 Gee TWEE redes waarom gasheerlande aandring op bewys van 'n negatiewe Covid-19-toetsuitslag voordat toeriste toegelaat word om hulle land binne te kom. (4)

9.3 Bestudeer die inligting oor Suid-Afrika se buitelandsetoeriste-aankomste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE BUITELANDSETOERISTE-AANKOMSTE JANUARIE TOT MAART (2020 teenoor 2019)**




[Bron: www.southafrica.net]

9.3.1 Identifiseer die neiging in al Suid-Afrika se inkomende toeristemarkte in 2020. (2)

9.3.2 In 'n paragraaf, beveel VIER maniere aan waarop SAToerisme die toerismebedryf kan vernuwe en laat herleef om van die Covid-19-krisis te herstel. (8)

**[26]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit: www.tbcsa.travel]

10.1 Gee die naam van die toepassing (toep) in die prent hierbo wat gedurende Covid-19-toestande vir klante handig sal wees. (2)

10.2 Verduidelik EEN rede waarom toeriste positief op die toep in VRAAG 10.1 sal reageer. (2)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou